# Huisgeloof2018#8 - Sewe weke met die Bybel - Bybel as ANKER
# Hebreërs 2:1; 3:6; 4:1-6; 6:17-20

Herveus het gesê…'n Anker is onsigbaar wanneer dit diep in die see in die sand gaan vassit. Al sien die matrose dit nie, is hulle tevrede dat hulle geanker is. Ons is ook hoopvol in die golwe van die wêreld. Ons sien nie die hemelse realiteite nie, tog is ons tevrede dat ons deur die hoop daaraan gebind is.

Heb 6: [19] Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is. [20] Daar het Jesus, ons Voorloper, ter wille van ons ingegaan, en Hy is vir ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek.
'n Tyd gelede het pragtige ou seilskepe van dwarsoor die wêreld 'n besoek aan Belfast in Noord-Ierland gebring. Duisende mense het langs die kus gestaan om hierdie bote met hulle pragtige seile in al hulle glorie te sien. As Christene is ons soos hierdie bote wat deur die wind van die Gees na ons bestemmings gedryf word. Soms maak ons egter ook ons seile vir ander invloede oop. Soms word ons na rotse toe gedryf, omdat ons, soos die lesers van die Hebreërbrief, nie meer entoesiasties oor Jesus Christus is nie, maar terugverlang na 'n lewe sonder Hom. Die wêreld begin vir ons van groter belang word as die Here.

Die skrywer benadruk in hierdie gedeelte dat ons iets anders op ons lewensboot nodig het. Die anker van hoop sal ons veilig bewaar. Die beeld van 'n anker is in die vroeë kerk gebruik as teken van hoop. Hierdie teken is dikwels in wegkruipplekke van Christene gekry. As alles rondom jou wegval dwing dit ons om die ware hoop te ontdek. God se beloftes staan vas. Ons hoop is geanker in wat Christus gedoen het (Hebreërs 6:19-20), nie in die wisselende omstandighede van ons bestaan nie. Soos 'n verkenner het Jesus ons vooruitgegaan en alles gaan veilig maak sodat ons ook nou kan deel in God se teenwoordigheid.

Ons gooi die anker van ons hoop dikwels in die vreemdste plekke. Ons hoop dikwels op onsself of die menslike potensiaal. Skynbaar skep ons meestal moed wanneer dinge nie te sleg lyk nie. Terwyl ons 'n inkomste het, het ons darem nog moed. Terwyl ons 'n geldjie kan belê in aandele wat dalk later kan styg, of ons gesond is, het ons darem iets om aan vas te hou. Waaraan kan ons altyd vashou?

**<u>HOOP</u>**: Die woord van God bring hoop. Dit skep hoop, wek hoop verander moedeloosheid in HOOP. Dalk is dit die rede hoekom so baie mense die Bybel bly lees en weer daarna wil luister. 'n Anker lê vas en seker maar verborge - jy kan dit nie sien nie, maar jy vertrou daarop. Ons geloof kan ook rus en vertrou op HOOP. Ons geloof is vasgeanker in die Woord wat vas en betroubaar en sker is. Hierdie hoop verbind ons met die verre verlede en dit open vir ons die nog onbekende toekoms. Wat is die inhoud van heirdie hoop - die inhoud van die HELE evangelie. Ons hoop berus op die lewende, drie-enige God.

**<u>Ander se hoop help ons hoop en anker ons</u>**: Goeie verhale help ons egter ook om te "cope" met die harde kant van die lewe. Telkens net wanneer ons wil opgee dan hoor die ons die storie van iemand anders wat uiters swaar gekry het en steeds kop-bo-water gehou het, en dan inspireer dit ons weer tot hernude volharding. Stories gee nie altyd vir ons klinkklare antwoorde nie maar op 'n misterieuse manier help dit ons om hoop te vind, aan te gaan en selfs beter te word. Wanneer ek wonder oor al die lyding in hierdie wêreld en ek dink aan die ware verhaal van Desmond Doss wat vyf-en sewentig mense se

lewens gered het tydens die Tweede Wêreldoorlog dan gee dit nie regtig rasionele antwoorde op die futiliteit van oorlog of waarom God dit alles toelaat nie. Dit gee my egter ‘n verhaal van waar iemand die evangelie laat “werk” het in die regte lewe. In die verhaal beleef mens iets van God se bemoeienis in die wêreld en daal daar ‘n innerlike vrede neer. So vreemd soos wat dit klink is dit soms genoeg

**<u>Stories van Hoop in die Bybel</u>**: Dis dan geen verrassing dat die Bybel God voorstel as die Groot Storieverteller nie. Sewentig persent van die Bybel bestaan uit verhale. Jesus preek hoofsaaklik in verhale (Markus 4:34). God is daagliks besig om ‘n verhaal te skryf: die verhaal van die geskiedenis. Die hoofkarakter van hierdie verhaal? Jesus. In Jesus het God die mees fundamentele menslike verhaal kom vestig in ons midde. In Jesus is Hy steeds besig om aan die geskiedenis te skryf. Daarom dat stories so resoneer met ons harte! Dis eintlik God wat steeds poog om die wêreld se aandag te trek deur bekwame storieskrywers in ons midde te plaas. Dis eintlik Hý wat ons harte warm hou vir Hom deur stories in ons harte te plant. Telkens wanneer mense moeg raak, of wanneer gelowiges moedeloos raak, of wanneer Christene laks raak in hulle Jesus-navolging, dan word hulle aangespoor deur hierdie verhaal van God wat kom mens word het tussen ons. Hoor hoe spoor die Hebreërskrywer sy lesers aan tot hoër hoogtes met die volgende woorde (12:2-3 Message):

*Keep your eyes on Jesus, who both began and finished this race we’re in. Study how he did it… When you find yourselves flagging in your faith, go over that story again, item by item, that long litany of hostility he plowed through. That will shoot adrenaline into your souls!*

**<u>Die beginpunt van HOOP - waar ons anker lê:</u>** Ons soek dikwels hoop en antwoorde buite onsself. Ons soek hoop in 'n persoon, ‘n bepaalde uitkoms of ‘n instansie en blameer dan ons wanhoop by versuim van 'n persoon, die verkeerde uitkoms of ’n onbetrokke instansie. Wanneer ons in hierdie spiraal van soeke na hoop vasgevang word, is die uiteinde altyd dieselfde: nog meer wanhoop. Die beginpunt van hoop is God. Dit is die innerlike proses om te besef wie Hy is, om Sy liefde in jou binneste te ervaar. Hoop is die ontdekking van ‘n nuwe wêreld waarin God se waardes en liefde anders funksioneer. Hoop kom van binne af en vloei uit jou uit na die situasie van wanhoop. Jy bring die hoop. Hoop vind jou nie van buite af nie. Daarom mag jy weet dat die Here in staat is om oneindig meer te doen as wat jy jou kan indink! Dit is ‘n fantastiese hoopvolle sin! Daar is hoop! God is hoop!

Die ankers > Geloof en Hoop >> Reg van die begin af het die eerste Christene bely dat hulle glo in die God wat vir Jesus Christus uit die doop opgewek het. Dit is die God in wie ons glo - daarin lê Sy uniekheid en identiteit. Hierdie Gid was en is die inhoud van hulle belydenis - hulle geloof - hulle HOOP. So begin die Christelike kerk - en sonder die hoop is daar geen kerk nie. Die christelike geloof is nie maar net 'n lewens en wêreld beskouing nie, 'n denksisteem of morele kode nie of 'n stel waardes nie. Die christelike geloof beteken dat 'n mens reken met hierdie boodskap, hierdie inhoud - hierdie EEN - die God wat vir Jesus uit die dood opgewek het. Die KERK is die konkrete gestalte wat die hoop in die wêreld elke dag aanneem. Die kerk is die oë en ore, hart en mond, hande en voete van die HOOP, van die EEN wat ins ons leef.